



Beste Artikel 2021
FAMILIA - KWARTAALBLAD

Die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika

Familia 2021 LOUISA HACK (1873-1945) – GEVALLE ENGEL?
(58/1) Nic Dinham
(Vertaal)

Nic is in Malya gebore, maar was van kleins af 'n leerling van 'n privaatskool in Kaapstad. Later het hy aan die Universiteit van Kaapstad en die Queens Universiteit in Kanada studeer voordat hy as geoloog in die Vrystaat en Brasilië gewerk het. Hierna het hy hom tot die finansiële dienstebedryf gewend en navorsingsresultate oor mynbou- en hulpbronnemaatskappye in beide Suid-Afrika en Australië opgeteken. Sy gunsteling tydverdryf sluit in visvang en veerwildjag met sy twee Duitse Pointer-honde. Hy is getroud met twee kinders en woon in Johannesburg.

Thelma Holland White (gebore Smith) was my ouma. Sy is op 21 Desember 1902 gebore en sterf in Maart 1980. Sy was 'n baie dominante persoon in my ma se vroeë lewe. My ma, Barbara Spencer White, is in 1927 gebore en in Januarie 2021 gesterf, enkele dae vóór haar 94ste verjaardag.

Thelma het haar ma verloor toe sy slegs ses maande oud was, gevolg deur haar pa toe sy 14 jaar oud was. Vir die grootste deel van haar kinderjare, van die ouderdom van agt tot 20 jaar, was sy in die sorg van Louisa, haar stiefma. Die stiefma het ook 'n ander dogter Kathleen Ada gehad, by wie Thelma in daardie tyd gewoon het.

Ondanks die sterk invloed wat haar stiefma en -suster op haar moes gehad het, het Thelma baie min van haar vroeër jare aan Barbara meegedeel. Die enigste leidrade wat ek van hulle het, is 'n baie eng narratief wat dui op 'n beperkende en ongelukkige kindertyd.

Aanvanklik het ons min aandag hieraan gegee, want dit was duidelik dat Thelma geen belang in familienetwerke gehad en haar talle familieleden in Kaapstad geïgnoreer het tot die mate dat my ma baie min of geen herinneringe van hulle gehad het nie.

Hoe meer ek egter daarvoor gedink en hoe meer ons oor haar kinderjare uitgevind het, hoe vreemder het haar optrede geblyk. Waarom is bykans die hele herinneringe van haar kinderjare en selfs die bestaan van haar stiefma so omvattend gesensor? In teenstelling hiermee was Thelma meer as gewillig om om haar geheime romanse met my ma te deel tydens hulle gereelde omwandeling in Rondebosch gedurende die 1940s.

Ons weet nou baie meer oor die stiefma en die buitengewone beproewinge wat sy deurgemaak het. Dit het ingesluit verlatings, die ineenstorting van haar familie, die grootmaak van 'n buite-egtelike kind uit 'n owerspelige verhouding, eensame emigrasie, 'n buitengewone egskeiding, en dan die leed van twee eggenote se afsterwe.

Ek het steeds nie 'n antwoord op die vraag waarom Louisa so negatief deur Thelma geskou is nie, maar verstaan nou waarom sy na Suid-Afrika geëmigreer het en as ongeskoolde vrou met 'n buite-egtelike kind die strategieë gevolg het om armoede te ontduik.

Laastens was dit vir my moontlik om uit te pluus wat met haar en haar dogter gebeur het lank nadat Thelma uit hul lewens uitgestap het.

Louisa Hack

Thelma se stiefma is op 17 November 1873 as Louisa Hack gebore in 'n familie van ten minste sewe kinders van wie sy die tweede-jongste was. Soos tipies van sulke groot families was daar 'n groot ouderdomsverskil tussen die oudste en die jongste kinders. In die Hack-huishouding was die verskil in ouderdomme 21 jaar.^{1 2 3}

Daar was slegs twee dogters in die familie. Haar suster Ada Maria was 'n jaar ouer as Louisa en hulle sou buitengewoon na aan mekaar gebly het gedurende hulle hele lewe.

Die gesin het in Londen gewoon, net suid van die Teemsriver in 'n woongebied genoem Plumstead wat deel was van die Woolwich/Greenwich-kiesafdeling. Hulle was ooglopend arm, soos baie van my Engelse voorsate. Die pa, Alfred Joseph Hack, was 'n stoomenjinnasser ('fitter'), hoewel hy soms na homself as 'n ingenieur verwys het.

Die oudste seun Alfred James Hack is in 1861 gebore toe sy ma Maria Moran 20 jaar oud was. Hy het ook 'n 'ingenieur' geword en vir die Telegraph Wire Works gewerk. Hy kon skynbaar nie 'n gesin hê nie en ons vermoed hy was óf geestelik óf fisies gestrem, want hy het tuis ingewoon tot hy in 1897 as werklose in die ouderdom van 36 gesterf het.⁴

Die oorblywende kinders het almal gedurende die 1890s getrou; almal in die Anglikaanse kerk wat 'n sterk aanduiding van 'n soort Engelse identiteit en middelklas strewe was. Louisa was van die laastes in die gesin om te trou in 1897, gevolg deur haar suster Ada Maria se huwelik in 1898 met George Culham wat deur sy grootouers in Norfolk grootgemaak is.^{5 6 7 8 9 10}

Louisa het met William James Murrell getrou wat 'n enigste kind van Frederick and Sarah Murrell blyk te gewees het.¹¹

Dit is nie dikwels die geval dat mens uitvind hoe paartjies ontmoet nie, maar die 1891-sensus wys dat 'n 19-jarige William Murrell by 'n gesin loseer het in 'n straat naby Louisa-hulle. Hy was 'n kousmaker se assistent in die klerebedryf, so hulle kon moontlik iewers in buurt ontmoet het.

Ná hul troue sou Louisa and William dalk 'n huis in Clapham vir twee jaar huur voordat hulle vir 'n verdere vier jaar, van 1901 tot 1904, by Louisa se ouers ingetrek het,

1 England and Wales Civil Registration Birth Index, 1873, Vol 1d Q4 p1021

2 England Census 1881, 1891,1901

3 Baptism in Plumstead, London, Kent, Church of England 29.8.1875 p28 also dob

4 Deceased on line, Plumstead Cemetery Burial Register p179, 25th Sept 1879

5 Albert Frederick Hack married St Nicholas, Plumstead 6th April 1890

6 George Ord Hack England and Wales marriages Greenwich, London 1895 vol 1d, Q3

7 William Henry Hack married All Saints Church Wandsworth London 18th April 1897, p229

8 Ada Maria Hack married St Margarets (Parish Church CoE) Plumstead 11th August 1898 p100

9 Louisa Hack married St Andrews Church, Islington, Sept 1897 p195

10 England Census 1881 Culham Family Bury St Edmunds, piece 1843, folio 50, page 24

11 UK Royal Hotel Chelsea Pensioner Admissions 1879 Pvt 38th Foot reg no 329

klaarblyklik om geld te spaar. Van hier af het hulle in 1904 na Lupusstraat 89 op die noordelike oewer van die Teemsrivier getrek.¹²

Louisa se lewe val uitmekaar

Teen 1905 was Louisa 32 jaar oud en haar huwelik met William het nog geen kinders opgelewer nie. Die gebrek aan kinders het daarop gedui dat die huwelik nie vir Louisa goed uitwerk nie. Dit het egter aansienlik slegter geword toe William haar verlaat en uit die huis in Lupusstraat trek, wat dit aan Louisa oorlaat om die rekeninge te betaal.

Die eerste wat sy van sy voorneme verneem om haar te los was 'n telegram op 1 April 1905 uit Southampton gestuur met hierdie woorde *...“off will write home goodbye for present dear cheer up will”* ('oppad, sal huistoe skryf, totsiens vir nou lief, beur op, Will). In enigeen se boek was dit 'n hartelose vertrek en die klassieke merkteken van wat 'spousal abandonment syndrome' (gade-verlatingsindroom) genoem word.^{13 14}

Dis slegs een voorbeeld van 'n aantal verlatings van 'n vrou en/of gesin in ons familiegeskiedenis. Die groot opwelling in emigrasie uit Engeland in die vroeë 1900s het mans bevoordeel wat geleentheid gesoek het. In sommige gebiede soos Cornwall waar 'n sterk mynboutradisie bestaan het, was tot 25% van die gesinne sonder 'n pa of eggenoot. Hoewel die meeste mans geld na hulle gesinne gestuur het of sou terugkeer, het baie nie eens 'n opvolgadres verskaf nie.^{15 16}

Verlating het uiterste armoede en swaarkry vir baie vroue, veral dié met kinders of sonder sterk familienetwerke, tot gevolg gehad. Verlating was tegnies 'n kriminele oortreding in baie lande, maar in praktyk was dit onmoontlik om oor grense heen af te dwing. Min statistiek is beskikbaar, maar selfs vandag nog faal 5% van die huwelike in die VK vanweë 'gadeverlating-sindroom' wat deesdae versag word deur sosiale ingrypings soos kindersorg, egskeiding en staatshulp.¹⁷

Benewens hierdie terugslag, moes Louisa sekerlik diep seergemaak wees deur die feit dat nie alleen het haar huwelik misluk nie, maar die res van haar familie was besig om vinnig uitmekaar te val.

Dit het begin met haar suster wat in 1906 na Rhodesië geëmigreer het om by George Culham aan te sluit wat 'n plaasbestuurder in die Motopos naby Bulawayo was. Toe, in dieselfde jaar sterf haar pa en haar ma kom woon by haar. Maria Moran hou die lewe vir 'n jaar voordat sy in Augustus 1907 ook sterf. Binne dae is nog een van Louisa se broers, Albert Hack, ook oorlede.^{18 19 20 21}

Selfs voordat Louisa se ma in Augustus sterf, emigreer haar jonger broer Robert Hack in Mei 1907 na Kanada. Kort hierná, in September 1907, emigreer 'n ander broer George

12 London Electoral Registers, 1901 England Census

13 TAB Reference WLD 131/1911 Part 1

14 <http://lakelegal.co.uk/spousal-abandonment-syndrome/>,
<https://www.midlifedivorcerecovery.com/spousal-abandonment-syndrome/>

15 <https://www.cornwall.gov.uk/environment-and-planning/conservation/world-heritage-site/delving-deeper/the-spread-of-cornish-mining-around-the-globe/cornish-mining-in-south-africa/>

16 L Trotter 19th Century Emigration From Cornwall

ore.exeter.ac.uk/repository/bitstream/handle/10871/18338/TrotterL.pdf?sequence=1&isAllowed=y

17 <http://lakelegal.co.uk/spousal-abandonment-syndrome/>

18 Ancestry emigration records London to Cape Town 1906 Mrs A Culham and Master Culham 5 years

19 England Wills and Administration 1906 Probate Summary Alfred Joseph Hack 239 Pounds 17th July 1906

20 Deceased online Plumstead cemetery records 27th August 1907 entry 509

21 Deceased online Plumstead cemetery records 30th August 1907 entry 519

Ord Hack ook na die Verenigde State, waar hy uiteindelik in Kalifornië vestig. In navolging van Louisa se man se voorbeeld, los hy ook sy vrou en drie tiener dogters, waarvan een Louisa se naam dra, en 'hertrou' in die VSA met 'n sogenaamde 'metafisikus'. Beide hierdie mans leef tot in die 1950s.^{22 23 24 25 26 27}

So, binne die bestek van drie jaar, van 1905 tot 1907, verloor Louisa haar man deur verlating, haar pa en ma sowel as twee broers deur die dood en nog twee broers en 'n suster deur emigrasie. Teen die einde van 1907 het Louisa slegs nog een sib in Londen oor.

Die feit dat William Murrell haar verlaat en dat sy byna geen sibbe meer naby haar het, sowel as die feit dat sy haar ma versorg, verklaar waarom Louisa die enigste erfgenaam van haar ma se boedel was. Die £244 wat sy ontvang, was die opgehoopde spaargeld oor die leeftyd van haar ouers, en hoewel dit haar vir 'n wyle relatief welvarend gemaak het, sou sy as ongeskoolde vrou beswaarlik 'n redelike standaard van lewe oor tyd kon handhaaf.²⁸

Louisa vertrek na Afrika

Uit die enkele poskaarte wat William huistoe gepos het, oënskynlik om die terugslag van sy verlating te versag, was dit duidelik dat hy na Suid-Afrika geëmigreer het.²⁹

Teen 1907 het Louisa briewe na William gestuur om geld te vra. Hy het Louisa in 'n brief geadviseer om by haar suster Ada Maria Culham te gaan bly wat toe in Rhodesië of Kaapstad gewoon het. Dis wat sy doen en betaal self haar passaat.

Ná haar aankoms het sy vir William geskryf, maar hy het aangevoer dat hy siek is en toe heeltemal opgehou om te korrespondeer.

Einde ten laaste het sy in April 1911 haar na die landdroshof in Wynberg gewend. Sy het die Transvaalse Hooggeregshof versoek dat William onderhoud betaal en haar huweliksregte herstel, en indien nie, wil sy 'n egskeiding hê. Louisa het aangevoer dat sy nie slegs verlaat is nie, maar dat William dikwels gedobbel en haar mishandel het wanneer hy 'in drank' (besope) was.³⁰

William is by die Fallick's privaat-hotel in Germiston opgespoor en deur 'n prokureur se verteenwoordiger gedagvaar. Hy het herhaal dat hy geen behoefte het om na Louisa terug te keer nie. Dit was ook geen wonder dat hy nie by die hof opgedaag het om sy optrede te verdedig nie. Hy is die geleentheid gebied om terug te keer na sy vrou, maar die datum het gekom en gegaan, en Louisa is 'n egskeiding met koste in Julie 1911 toegestaan.³¹

Dit het Louisa verhef van ongewoon tot baie ongewoon. Slegs een egpaar in 500 het in 1910 in die VK geskei, deels as gevolg van die uitgawe vir die regspraak wat dit buite die meeste paartjies se geldelike vermoë maak, en deels vanweë die feit dat die gronde vir egskeiding te streng was. Destyds was bewysbare owerspel, verlating of fisiese

22 Robert Hack Petition For US Naturalisation 1918,

23 Robert Hack Canada Arriving Passenger Lists

24 Ancestry Emigration Records, George Hack, ss Oceania, September 1907 London to New York

25 George Ord's abandoned Family Mary Hack and family England Census 1911

26 George Ord Hack and Emily Hack 1940 US census

27 Find a grave Robert Hack Michigan 1953, George Ord Hack California Certificate of Death June 1954

28 Maria Moran Hack Wills and Administration 1907

29 Affidavit in 1911 Divorce case TAB WLD 131/1911

30 Affidavit in 1911 Divorce case TAB WLD 131/1911

31 Ruling TAB WLD 131/1911

mishandeling toegelate gronde vir vroue om te skei. In 1911, die jaar waarin Louisa 'n egskeiding versoek het, kon slegs 277 pare oor die hele bevolking van Suid-Afrika wettig skei.^{32 33 34 35}

Die vermiste feite

Die narratief wat Louisa in haar aansoek gebring het, was onvolledig. Daar was enkele feite wat sy terug gehou het... om verstaanbare redes.

Louisa het in haar beëdigde verklaring aangevoer dat sy William se opdrag of versoek 'gehoorsaam' het om in 1907 na Suid-Afrika te verhuis. Ons weet egter dat sy in Londen aangebly het nadat sy in November 1907 van haar ma geërf het en haar blyplek in Hanover Gardens/Lupusstraat tot ten minste middel-1909 behou het.³⁶

'n Ander baie groot stilte hang oor die feit dat sy verwagting geraak het terwyl sy in Londen gebly het – op die tydstip dat haar man in Germiston gewoon het.

Dit was baie ongewoon in Eduardiese tye om buite die huwelik verwagting te raak. 'n Honderd jaar vroeër het 'n maatskaplike stelsel in kerklike gemeentes bestaan waarvolgens 'n man geld moes betaal vir die onderhoud van sy kind, en hierdie kinders is meestal in die vrou se direkte familie verbloem – slegs deur genealoë opspoorbaar met behulp van sulke rekords. In Eduardiese tye was minder as 5% van kindergeboortes buite-egtelik en nog minder is in owerspelige verhoudings gebore.³⁷

Hierdie feit beteken nie dat seks buite die huwelik in die Eduardiese tyd ongewoon was soos ons dikwels laat glo is nie. Allermens. In 'n studie wat in 1913 gedoen is, was bevind dat 45% van vroue in Berlyn hulle wettige eersteling minder as sewe maande ná die huwelik gehad het en dat 50-70% van die vroue seks buite enige siviele of godsdienstige eed gehad het. Hierdie ramings sal aanklank by genealoë vind.³⁸

Die werklike bron van maatskaplike kommer was egter kinders wat nooit binne 'n familieverbintenis opgeneem is nie. Hulle het verlamme armoede en wanvoeding in die gesig gestaar as hulle deur arm vroue gebaar is en kunsmatige kort lewens van ryker moeders vir wie sosiale aansien belangrik was. Buite-egtelike dogters van arm moeders was veral kwesbaar, en 75% van Berlyn se geregistreerde prostitute in 1911 was buite-egtelik.

So, vir Louisa was die swangerskap 'n ramspoedige gebeurtenis. Sy was nou 36 jaar oud met geen inkomste nie en met 'n buite-egtelike kind onderweg na 'n potensieel duistere toekoms. Erger nog, as sy enige hoop gehad het om met die pa te trou, was sy teleurgestel. So, met finansiële en maatskaplike druk aan die opbou, sowel as werklike kommer oor die toekoms van haar kind, het sy verkies om van haar gemeenskap te ontsnap deur na Kaapstad te emigreer om aan te sluit by die enigste wat van haar regte familie oorgebly het – haar suster Ada Maria.

32 <https://www.parliament.uk/business/publications/research/olympic-britain/housing-and-home-life/split-pairs/>

33 Data collected from SA National Archives

34 <https://www.parliament.uk/about/living-heritage/transformingsociety/private-lives/relationships/overview/divorce/>

35 www.jstor.org/stable/3786994?seq=1

36 London Electoral Registers 1910

37 Family Search, Illegitimacy in England

38 <https://scholarlycommons.law.northwestern.edu/cgi/viewcontent.cgi?article=1226&context=jclc> Borosino The Problem of Illegitimacy in Europe 1914

Louisa se dogter is op 21 Augustus 1909 gebore. Hoewel ons egter weet wanneer Kathleen Ada gebore is, weet ons nie waar nie. Dit is moontlik dat sy in Londen gebore is, op die skip of in Kaapstad. Argivale navorsing bevestig slegs dat sy nie in Kaapstad of Wynberg geregistreer is nie, soos wetlik vereis.^{39 40}

Wat wel bekend is, is dat Ada Maria haar man in Julie 1910 verloor het.⁴¹ Hy is dood aan longontsteking terwyl hy op 'n plaas in die Motopos gewerk het, en sy dood verskaf waarskynlik die datum van Ada en Louisa se finale verhuising na Kaapstad. As dit wel so is, dan is Kathleen Ada in Londen gebore sonder om geregistreeer te word.

Louisa hertrou

Louisa kan as gelukkig beskou word om 'n egskeiding te kon kry. Sy het egter meer geluk gehad met haar aankoms in Kaapstad. Ofskoon steeds getroud met William Murrell, 37 jaar oud en met 'n buite-egtelike baba, begin sy 'n verhouding met 'n wewenaar Edward Henry Smith. Sy was vir seker in die verhouding met Edward toe sy om egskeiding aansoek gedoen het en dit is ook waarskynlik dat hy haar regsposing met sy geld ondersteun het.

Slegs drie maande ná die egskeiding se finalisering, trou sy in September 1911 met Edward.⁴²

Ooglopend is die laaste ding wat Louisa sou wou sien dat William Murrell in haar lewe terugkom en dat sy saam met hom in Germiston moes woon. Sy moes dus baie gelukkig gevoel het dat hy nie op haar voorstoep opgedaag het om haar 'huweliksregte' te kom herstel nie.⁴³

Haar geluk het gestrek tot by die feit dat sy in die Methodiste Kerk in Wynberg kon hertrou. Om hierdie voorreg te verstaan, moet besef word dat alle kerke in daardie tyd ten diepste gekant was teen geskeide vrou wat wou trou.⁴⁴

Dit was slegs in uitsonderlike gevalle waar die individu 'n 'geen fout egskeiding' gehad het (soos in Louisa se geval) waar dit moontlik sou wees. Die feit egter dat Edward en Louisa wat albei Anglikaans was, in 'n Methodiste kerk kon trou, dui daarop dat hulle teenkanting van die priester in die St John's Kerk in Wynberg ondervind het. Die bestaan van Kathleen as 'n Eduardiaanse liefdeskind is dalk geheim gehou, selfs vir die oënskynlik meer verdraagsame Methodiste predikant.⁴⁵

Dis interessant om daarop te let dat die eksistensiële druk op die Methodiste Kerk sedert die 1900s dit genoop het om sy filosofie heeltemal om te keer, tot die mate dat geskeide egpare nou verwelkom was. In 2002 was sowat 64% van paartjies wat in sy VK kerke getrou het, geskeides.⁴⁶

Edward Henry Smith het ook 'n kind van sy eie in die huwelik ingebring: die agt-jarige Thelma Holland Smith, wat my ouma sou word. Sy was oud genoeg om te weet dat Louisa

39 Identity Search

40 Anne Clarkson, Professional Genealogist Personal Communications

41 Family Search; Zimbabwe Death Registers, Buluwayo Vol 12 1908-1910

42 TAB 131/1911

43 Family Search Wynberg marriage records, 2nd September 1911, Wesleyan Parsonage Register 9079

44 <https://www.parliament.uk/about/living-heritage/transformingsociety/private-lives/relationships/overview/divorce/>

45 <https://www.parliament.uk/business/publications/research/olympic-britain/housing-and-home-life/split-pairs/>

46 <https://www.methodist.org.uk/downloads/conf-marriage-in-the-methodist-church-2002.pdf>

nie haar regte ma was nie, maar Louisa sou die enigste vrou wees om na Thelma om te sien totdat sy op 20 getroud is.

Louisa het waarskynlik die volgende sewe jaar van haar lewe in redelike geluk deurgebring. Die gesin het in 'n deel van Wynberg gewoon wat steeds aantreklik was met baie van haar man se familie, insluitend haar skoonouers wat naby gebly het.

Aan die anderkant, het Thelma hierdie tydperk van haar lewe as ongelukkig beleef. Sy sou die nabye Wynberg Park alleen besoek en sy was sensitief vir die feit dat sommige seuns haar sou ignoreer vanweë redes wat met 'stand' of 'welvaart' te make het. Daarby het sy vervreemd gevoel van haar stiefma en 'halfsuster', en streng gedissiplineerd. Dit is nie duidelik of Thelma daarvan bewus was dat Kathleen Ada nie eens haar halfsuster was nie, maar wel haar stiefsuster. Dit was nog 'n feit wat sy uit haar familie-'herinneringe' sou weerhou.⁴⁷

Louisa se lewensgeluk sou tot 'n einde kom met Henry Edward Smith se dood in 1917 in die ouderdom van 44 jaar. Sy het die baie beskeie erflating gekry wat 'n mate van verligting gebring het omdat sy weer eens nie langer 'n inkomste gehad het om haar twee kinders te versorg nie.

Louisa het haar tweede huwelik gebruik om 'n nuwe identiteit vir haar buite-egtelike kind in hierdie tyd te skep. Dis duidelik uit Henry se sterferekords waarin Louisa dit stel dat Kathleen Ada die resultaat van haar huwelik met Edward is. Dit was eenvoudig nie waar nie, omdat sy twee jaar vóór die huwelik en haar egskeiding gebore is.

Louisa hertrou opnuut

Ná Edward Smith se afsterwe het Louisa en haar twee afhanklikes Thelma en Kathleen na haar suster Ada Maria en haar 15-jarige kind Leslie Culham teruggetrek. Hulle het toe in Albion Springs (nou Newlands) gewoon.

Hierdie gekombineerde en vermoedelik gelukkige huishouding, uit Louisa se oogpunt, het twee jaar geduur totdat Ada Maria met die 56-jarige Thomas Richard Butler in 1919 getroud is. Thomas het 'n effe raaiselagtige agtergrond gehad. Hy was 'n Vrymesselaar, 'n 'ingenieur', en eweneens 'n wewenaar met ten minste een kind wat ook Thomas Richard Butler genoem is. Geensins verbasend nie, het Thomas Richard Butler II ook 'n seun genaamd Thomas Richard Butler (III) gehad en aldrie het tot in die 1950s tegelyk gelewe, wat genealogiese navorsing taamlik moeilik maak.^{48 49}

Dalk in die lig van haar ouer suster se huweliksukses, en dalk geïsoleerd en finansiële kwesbaar, het Louisa Smith se geluk weer gedraai. Ofskoon sy nou 47 jaar oud was met twee kinders om te versorg, het sy in 1920 haar suster se roete gevolg na die huweliksregistrator.⁵⁰

Ooglopend het Louisa op meer as bloot geluk staatgemaak om haar huwelike te verseker. Anders as Engeland het Suid-Afrika 'n groot tekort aan vroue gehad, maar ons weet sy het die kanse in haar guns geswaai deur oor haar ouderdom te jok toe sy die

47 Family search Cape Province, Probate Records Masters of the High Court, 22 March 1917 007730915 1117/17

48 Family Search Anglican Marriage Records St Pauls 1919 Entry 467, 30th November 1919

49 Ancestry Masonic Records 1905 to 1921 Metro and Rondebosch Lodges

50 Family Search Civil Marriage Register Wynberg Municipality, 24th October 1920

huweliksregister saam met Roberts onderteken het. Dit was skynbaar 'n algemene taktiek onder vroue.^{51 52 53 54}

Haar volgende man James Roberts was 'n relatief jong Engelsman van 42 jaar. Blykbaar nie 'n baie ambisieuse man nie het hy regdeur sy loopbaan 'n konstabel gebly en is in ongeveer 1922 van Rondebosch na Kalkbaai oorgeplaas. Dit was hier waar Thelma gewoon het toe sy in 1923 met Allan Spencer White in Muizenberg getroud is.⁵⁵

Soos genoem, het Thelma feitlik niks van haar ondervindings en herinnerings van daardie vroeë jare by haar 'stiefma', 'halfsuster', 'stiefpa' Roberts, 'stieftante' Ada of Ada se seun Leslie Culham aan my ma meegedeel nie... opsetlik só. Ook is niks van Louisa se daaropvolgende jare ooit genoem nie en dit was duidelik dat Thelma daardie deur na haar stiefgesin ná haar huwelik baie ferm toegestoot het.

Interessant genoeg het Thelma se huweliksertifikaat getoon dat Louisa nie ouerlike toestemming om te trou aan die 20-jarige Thelma gegee het nie. Insteede hiervan het die paartjie met 'n lisensie getrou. Dalk is dit 'n aanduiding van Louisa se gesigspunt op Thelma se huwelik.

Kort ná Thelma die Roberts-huishouding verlaat het, het James Roberts – toe in sy laat-40s – uit die polisie diens getree vanweë swak gesondheid. Louisa, James en Kathleen het na Brankoweg in Observatory getrek, net onderkant die Groote Schuur-hospitaal. Hulle is deur Louisa se suster en haar man vooraf gegaan en hulle het langs mekaar in klein kothuise gewoon wat steeds in hul oorspronklike vorm bestaan.

Weer het Louisa se geluk gedraai, maar dié keer ten slegte. In 1928 sterf James Roberts wat toe slegs 50 jaar oud was, en laat Louisa as 'n weduwee vir die tweede keer. Sy was 55 jaar oud en het steeds die 19-jarige Kathleen Ada onderhou, oënskynlik sonder selfs 'n polisiepensioen om op terug te val.⁵⁶

Dis waarskynlik dat Louisa in Observatory aangebly het, langs haar suster en dié se man totdat Ada Maria in 1933 te sterwe kom. Thomas Richard Butler (I) het Ada met 'n verdere 21 jaar oorleef, waarna hy in Vishoek oorlede is. Dit is egter waarskynlik dat sy hierna steeds 'n losieshuis bedryf het.^{57 58 59}

Ada se dood moes die bitterste pil was van al dié wat Louisa moes gesluk het. Dit is duidelik dat die noue band tussen die susters 'n belangrike deel van Louisa se hele lewe was.

Kathleen Ada vind haar identiteit?

Die navorsing oor Louisa se enigste eie kind Kathleen Ada was uitsonderlik moeilik. Nietemin, sy het haarself Kathleen Ada Smith genoem toe sy in 1932 met Francis Roy Lemiere getroud is.⁶⁰ Die getuies by die huwelik was haar tante Ada Maria en Thomas

51 www.visionofbritain.org.uk/census/EW1911GEN/4

52 www.visionofbritain.org.uk/census/report/EW1911GEN

53 www.statssa.gov.za/publications/SAStatistics/SAStatistics2000.pdf section 1.4, M/F ratios in the white population 1904 to 1911

54 www.jstor.org/stable/2964799?seq=2#metadata_info_tab_contents M/F ratios of >20 year old whites in Union 1911 Census

55 Family Search Anglican Marriage records All Saints Church Muizenberg 12th January 1923

56 Family Search Civil Death Records Cape, James Roberts 8.1928, Woodstock

57 Family Search Cape Masters Probate 39852/1933, Observatory, Cape Town

58 KAB MOOC Vol 6/9/22262 Ref 1359/54

59 Personal communications Leon Lemiere April 2021

60 KAB MOOC Vol 6/9/22262 Ref 1359/54

Richard Butler, wat wys hoe sterk die band tussen Kathleen en haar tante steeds was. Ada sou 'n jaar later te sterwe kom.

Die huwelik het in die Congregationalist Church in Claremont plaasgevind, waarskynlik een van Suid-Afrika se mooiste kerke. Hierdie is 'n vreemde denominasie en sluit aan by die relatief puritynse Engelse Protestantse bewegings, maar hieruit het 'n baie bekende organisasie in ons geskiedenis ontstaan, die Londense Sendinggenootskap (London Missionary Society – LMS). Sommige van die LMS-sendelinge soos David Livingstone het huishoudelike name geword en soos 'n ander beroemde sendeling Robert Moffat, het hy 'n honderd jaar tevore in die Claremont Kerk gepreek.⁶¹

Kathleen se man was 'n passer-en-draaier ('fitter & turner') wat oorspronklik van Durban afkomstig was.⁶²

Hulle eerste kind Yvonne Frances Lemiere is in Februarie 1935 in Kaapstad gebore, gevolg deur die tweede kind Leon Roy Nelson Lemiere wat in 1938 in Usakos gebore is. Die gesin het uiteindelik in die vroeë-40s na Durban verhuis.^{63 64 65}

Yvonne het 'n ondersoeker ('scrutineer') in die Suid-Afrikaanse Spoorweë geword en in September 1956 met 'n spoorweg-brandweerman getrou. Kathleen was 'n getuie by die huwelik. Dis verstommend dat sy doelbewus 'n ander nooiensvan, Robertson, in die huweliksrekords verskaf het. Hierdie verbysterende naamsverandering is nooit in enige staatskoerant gepubliseer nie, en is ook nie verskaf toe sy met Francis getrou het nie, so dit het geen regsgeldigheid nie.⁶⁶

Dis dalk net moontlik dat hierdie naam deur haar ma Louisa aan haar meegedeel is wat 'n identiteit vir haar regte pa verskaf. Wat ons wel weet, is dat as sy enige vermoede oor haar oorsprong gehad het, is dit nooit aan haar kinders meegedeel nie.

Louisa se laaste jare

Kathleen was die laaste van Louisa se familie en Louisa het uiteraard gevolg toe haar dogter in die vroeë-40s na Durban getrek het.

Daar was 'n ander rede waarom sy Kathleen na Durban gevolg het. Teen 1939 was Louisa siek weens kanker wat haar toenemend afhanklik van haar dogter se sorg gemaak het. Teen die tyd dat sy in 1945 gesterf het, was sy baie verswak vanweë senuweeskedegewasse.⁶⁷

Louisa weer eens verlaat?

Soos James Roberts is Louisa sonder 'n Sterfkennis oorlede. Sy het ongetwyfeld min geld en waarskynlik geen testament gehad nie. Die gebrek aan 'n Sterfkennis wys egter ook dat die persoon wat wetlik die kennisgewing moes registreer dit nie gedoen het nie, vir verskeie moontlike redes.

Die persoon wat die vorm moes voltooi was Kathleen Ada, en ons kan slegs spekuleer oor waarom sy nie hierdie vereiste nagekom het nie. Gevolglik is Louisa se opgetekende

61 Congregational Church Marriage records, Claremont, Apr 3rd, 1932

62 <https://www.methodist.org.uk/downloads/conf-marriage-in-the-methodist-church-2002.pdf>

63 Family Search Probate Records of the Master of the Cape High Court no 63402, 3rd Jan 1939 roll n007735679

64 HAWC Birth Certificate of Yvonne Francis Lemiere 1st Feb 1935

65 Identity Search Leon Roy Lemiere

66 Leon Roy Lemiere (Personal Communication)

67 FamilySearch Natal, Louisa Roberts Civil Deaths 27 May 1945 Durban entry 2493

ouderdom van 65 by afsterwe nooit gekorrigeer nie. Sy was in werklikheid 72 jaar oud. Hierdie 'fout' maak bevestiging dat sy inderdaad Louisa was baie moeilik.

Louisa lê begrawe in Stellawood-begraafplaas in Durban. Kathleen se man het vir die begrafnisondernemer en die koste van 'n graf betaal. Die graf wat nooit hergebruik is nie, het deels verdwyn onder slote, borshoë gras en poele swart water toe ons dit laat in 2020 probeer opspoor het.^{68 69}

Die soektog het bevestig dat geen grafsteen ooit gekoop is nie.

Die feit dat Louisa se dood nie in 'n Sterfkennis opgeteken is, haar afsterwe in 'n klein woonstel in Addington, asook die gebrek aan enige steen, skep die moontlikheid dat sy nie meer welkom was nie en alleen en verlate gesterf het.

Dit is gelukkig dat Louisa se kleinseun Leon steeds lewe om balans aan hierdie interpretasie te help verleen. Kathleen het voortgegaan om haar ma te versorg tot aan die einde van haar lewe in haar baie klein woonstel, tesame met haar twee jong kinders. Haar toewyding aan haar ma het vereis dat die jong gesin per bus moes reis om Louisa se graf te besoek. Ooglopend wys die gebrek aan 'n grafsteen op die geldelike en nie op emosionele uitputting nie.⁷⁰

So, dit blyk dat Louisa nie weer verlaat is nie, maar haar harde lewe het tot 'n einde gekom in die sorg van die laaste van haar familie.

Gevalle engel?

Louisa het 'n ongelukkige lewe gelei. Die verlating en bykans totale gebrek aan 'n familienetwerk sou genoeg wees om haar in armoede te dompel as sy kinders in daardie tyd gehad het. 'n Vrou van haar ouderdom en gebrek aan onderrig of vaardighede het geen alternatief gehad nie as om te hertrou of 'n de facto vennootskap aan te gaan.

Die kans sou teen haar opgestel wees. In Engeland is talle vroue verlaat of van hul mans geskei terwyl geleenthede vir mans elders oopgegaan het. Louisa het probeer om 'n nuwe metgesel te kry, maar nie geslaag nie en in stede daarvan swanger geraak.

Toe sy eers verwagting was, het haar oorblywende opsies verdwyn. Sy was gelukkig om geld te erf, en was verbete of desperaat genoeg om op 'n relatief volwasse ouderdom 'n nuwe lede in Suid-Afrika te begin. Sy was ook gelukkig om 'n suster in 'n soortgelyke situasie te hê wat vir haar 'n huis in die nuwe wêreld kon bied.

Haar twee huwelike in Suid-Afrika was praktiese en suksesvolle stappe om te verhoed dat sy armoede verval. Die afsterwe van haar eggenotes was uitermate teenspoedig, maar te verwagte in daardie tye. Vanaf 1928 egter was sy waarskynlik aangewese op 'n werk in 'n losieshuis en later op haar dogter om te oorleef.

Die werklike Louisa?

Wat minder duidelik is, is watter soort mens Louisa regtig was en hoe sy haar afhanklikes behandel het. Sy was beslis afkomstig uit 'n ruwe stedelike milieu en haar ondervindings sou haar geensins versag het nie.

Daar is enkele opgetekende feite waarvoor ons geen verduideliking het nie. Een daarvan was dat sy nie 'n amptelike getuie by haar dogter Kathleen se troue in 1934 was nie,

68 FamilySearch Civil Records, Christ Church Durban 29th September 1956

69 Courtesy of eGGSA

70 Stellawood Cemetery Records

hoewel haar suster en dié se man wel was. Sy kon dalk teenwoordig wees, maar om nie 'n getuie by jou eie dogter se troue te wees nie, was ongewoon in daardie tyd.

Aan die anderkant is dit duidelik dat Kathleen genoeg agting vir haar ma gehad het, in minstens die laaste deel van Louisa se lewe en ná haar dood, om 'n foto van haar op 'n tafel te hou baie jare ná haar dood.

Thelma was duidelik negatief oor Louisa, maar die moontlikheid bestaan dat sy as 'n weeskind dalk oorsensitief oor Louisa as stiefma was. Die enigste feit wat ek kon vind, is dat Louisa nie ouerlike toestemming vir Thelma se troue in 1923 gegee het nie, wat Allan Spencer genoep het om 'n lisensie te koop. Nietemin, sy het wel die troue as amptelike getuie bygewoon.

Anders as Kathleen, het Thelma nie geen foto van óf Louisa óf Kathleen in haar groot versameling gehad nie. Dít, en die feit dat Kathleen se dogter al die familiefoto's vernietig het, beteken dat dit onwaarskynlik is dat ons ooit 'n gesig by Louisa sal kan plaas.

Einde van die lyne - Louisa en Ada se nasate

Louisa se enigste kind Kathleen het 'n lang lewe gelei, maar sy sou ook aan kanker sterf, in 1999 op die ouderdom van 90. Haar as is in Kirstenbosch versprei.⁷¹

Kathleen se kinders leef steeds vandag; beide in Suid-Afrika, soos baie van hulle kinders.

Ada Maria se enigste kind Leslie George Culham het in 1924 in Rondebosch getrou en het in 1928 steeds in Station Road gewoon. Soos Kathleen se man was hy 'n passer-en-draaier.⁷²

Feit is, baie mense wat met Thelma en Louise geassosieer was, was met enjins en metaalwerk gemoeid, sommige wat in Kaapstad gewoon, en tot 1940 in die omgewing van Woodstock en Soutrivier gewerk het. Dit sluit Thelma se oupa en pa in, minstens een van Thelma se ooms, Leslie Culham, Francis Lemiere, die ouer Lemiere, Thomas Richard Butler I and Thomas Richard Butler II, sowel as Thomas Richard Butler II se seun, Aubrey Butler.

Dit lyk moontlik dat hierdie Engelse immigrante en hul nasate wat in die Wynberg-gebied gebly het, mekaar geken of van mekaar geweet het.

Louisa self was die dogter van 'n 'ingenieur' en verskeie van haar broers was ook as passers beskryf, hoewel hulle natuurlik nie na Kaapstad gekom het nie.

Leslie het na Johannesburg verhuis, waarskynlik ná Ada se dood in 1933 en het in Parkhurst gewoon met sy vrou Isabel Pauline totdat sy in 1969 oorlede is. Dit is moontlik dat hulle enigste nasaat Pauline Buisson steeds leef. Dis bykans seker dat van haar kinders vandag nog in Johannesburg is.⁷³

71 Leon Lemiere, Personal Communications April 2021

72 Identity Search, Leon Lemiere, Personal Communications April 2021

73 TAB MHG 2129/69